

Amos (19) – Francois Malan

Die HERE staan by die altaar (Die vyfde gesig: Amos 9:1-4)

9:1 'Ek het my Heer by die altaar sien staan en Hy het gesê:
'slaan die pilaarkop (kapiteel van die pilaar) stukkend dat
die drumpels bewe

en breek hulle in stukke oor die koppe van hulle almal, en die
res van hulle sal Ek met die swaard doodmaak.

Nie een vlugteling van hulle sal ontvlug nie, en nie een van
hulle wat homself probeer red, sal ontsnap nie.

LXX lees 'versoendeksel' (kaforêt) vir 'kapiteel' (kafetôr);

2020 wysig 'breek hulle in

stukke' (betsa'am) tot: 'maak 'n einde aan hulle' (bêtsam); en
wysig 'oor die koppe van hulle

almal' (bero'sj kelām) tot: 'dié van hulle op die voorpunt van
almal;' en: 'res' tot 'agterhoede.'

Dit is die moeilikste teks in Amos, wat op verskillende maniere probeer vertaal word.

Die kern van die oordeel is die Persoon van die komende Regter wat orals alles sien, en kom om Israel te oordeel.

Die altaar staan waar die gemeente hulle offers na hulle godheid bring. Dit wys hier waarskynlik na die altaar voor die tempel in Bet-El. Met sy kragtige woord ('Hy het gesê' soos in Gen 1:3) van die altaar af, slaan die HERE die versierde top van die groot pilaar waarop die dak van die tempel rus, dat die drumpels bewe (soos die tempel wat Simson op die skare heidense Filistyne laat instort het (Rigt 16:19-30), hier egter op die HERE se vervreemde volk. Dit is 'n teken van die beëindiging van die HERE se gemeenskap met Israel en hulle offers en hulle tempels. Die HERE se woord laat die volgende geskied: Hy breek die dakbalke in stukke oor die koppe van al die mense wat bymekaar is. Dit lyk na die beskrywing van 'n aardbewing of 'n stormwind aan wie die HERE

die opdrag gee om die hele tempelgebou en die aarde rondom te skud en die tempel met die mense daarin te vernietig. Dié wat ná die storm nog oorbly, sal die HERE met die swaard laat doodmaak. Niemand in die hele Israel sal die dood kan ontvlug of ontsnap nie, soos ook blyk uit die volgende tekste:

9:2 'Al sou hulle deurbreek na die doderyk (sje'owl), vandaar sal my hand hulle gryp, al klim hulle op tot in die hemel, vandaar sal Ek hulle aftrek.

LXX: as hulle in die hel gaan wegkruip sal my hand hulle daaruit uittrek...

2020: Al grawe hulle tot in die doderyk – van daar af sal my hand hulle uithaal...

Niemand sal die alomteenwoordige HERE se wraak kan ontvlug of sy hand kan ontkom nie, soos die volgende vyf voorbeelde wys: Vyf moontlike plekke wat Israel sou kon oorweeg om van die HERE weg te vlug word genoem:

1 Hulle kan oorweeg om onder die aarde deur te breek tot in die doderyk, in die verwagting dat die doderyk miskien buite die perke van die HERE se gesag is (vgl. Hosea 23:8 en Luk 23:30 Israel sal vir die berge sê 'val op ons' en vir heuwels 'bedek ons'). Maar ook in die dood kan 'n mens nie die straf van die HERE ontvlug nie. Spreuke 15:11 sê: Sheool en Abaddon lê oop voor Hom. Met sy kragtige hand sal Hy hulle orals bykom, sy mag strek ook oor die doderyk.

2 Teenoor die diepste plek staan die hoogste, die hemel. As hulle tot daar sou kon klim, soos die mense van Babel beplan het (Gen 11:4), sal die HERE hulle afbring vir hulle straf. Hy is teenwoordig in die hemel en die doderyk (Ps 139:7-8). In 4:12 het die HERE reeds vir Israel gesê: maak jou klaar om jou God te ontmoet.

9:3 'Al versteek hulle hulleself op die top van Karmel – daar

sal Ek hulle opspoor en uithaal;

Al kruip hulle vir my oë weg op die bodem van die see – daar sal Ek die slang beveel om hulle te pik.'

Die noord-westelike bergreeks in Israel loop al langs die Middellandse See tot teen die see by Karmelspits, met baie grotte in die bergreeks en baie bome op Karmel waar hulle deeglik uitgesnuffel sal word (chiffēs). Jona het vir die HERE probeer wegkruip op die bodem van die see (Jona 1:3,12). Karmelspits is 'n bereikbare hoogte en die see 'n bereikbare diepte, terwyl die hemel en die onderwêreld nie vir 'n vlugteling bereikbaar is nie. Maar sou Israel vir die vyandelike leër wat die Heer van die leërskare stuur in die berge by Karmel gaan wegkruip of op die see, selfs tot by die bodem van die see induik, ook daar sal hulle die Heer nie ontvlug nie.

Die vers onderstreep die Alomteenwoordigheid van die Heer van die skepping, soos Ps 139:7-12. Nêrens in die heelal kan iets of iemand vir die Skepper verborge wees nie. Hy is orals in sy skepping teenwoordig en vir sy oë kan niemand wegkruip nie. Hy kan enigeen van sy skepsels opdrag gee om sy besluit uit te voer; wat selfs aan 'n seeslang kan opdrag gee om iemand dodelik te pik. So het Hy, toe Israel in die woestyn ongeduldig geword het, giftige slange gestuur wat die mense gepik het, en baie van hulle het gesterf (Num 21:6). So het die HERE ná Amos se tyd die Assiriërs gestuur om Israel uit te roei en sommige in ballingskap weg te sleep en te gaan verstrooi (2 Kon 18:11).

9:4 'Al gaan hulle in ballingskap voor hulle vyande uit, daar sal Ek die swaard beveel en dit sal hulle ombring, en Ek sal my oog op hulle hou, ten kwade en nie ten goede nie.'

Die vyfde plek vanwaar die HERE Israel kan bykom is tydens hulle wegvoering in ballingskap, voor hulle vyand uit as hulle as buit aangejaag word om in ballingskap as slawe

verkoop te word. Selfs daar is hulle nie veilig teen die swaard van die HERE nie. So sal Hy vers een se dreiging van 'n totale uitwissing van die volk uitvoer.

Die oog van die HERE word op elke mens gehou. Hy hou sy oog veral baie skerp op wie se oortreding vergewe is om aan hom insig en raad te gee, om die pad wat hy moet loop vir hom te leer (Ps 32:1,8). So was sy oog ten goede op Israel om hulle te versorg. Maar weens sy uitverkore volk se verwerping van Hom, hou Hy sy oog op hulle ten kwade – voortaan sal Hy juis hulle gaan haal en straf totdat hulle vergaan en nie langer sy Naam oneer kan aandoen nie (vgl Hebreërs 10:26-31 '...Verskriklik is dit om te val in die hande van die lewende God').

Skrywer: Prof Francois Malan

Amos (18) – Francois Malan

**Die vierde uitspraak – 'n honger na die woorde van die HERE
(Amos 8:11-13)**

8:11 'Kyk! daar kom dae,' is die Godspraak van my Heer, die HERE, 'dat Ek 'n hongersnood in die land sal loslaat, nie 'n hongersnood na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor.'

In vers 10 het die HERE 'n groter straf as al die vorige tugtigings voorspel, en vers 10 het geëindig met die einde vir Israel, wat soos 'n bitter dag sal wees. In vers 11 belowe die HERE 'n hongersnood en dors wat baie erger gaan wees as die fisiese hongersnood en dors van die vorige verse. Dit gaan ook oor 'n tydperk geskied, soos die meervoud 'dae'

aandui en gaan die hele land tref, soos in vers 12 verder uitgespel word. Die HERE stuur 'n diepe honger en dors om die woorde van die HERE te hoor, 'n groeiende besef van die waarde van sy woord en 'n behoefte daarna in hulle wese.

Maar die HERE gee nie meer vir hulle sy woorde nie. Daarom is daar by Israel 'n aanhoudende gevoel en wete van godverlatenheid (Ps 106:15 oor Israel se begeerte na vleis in hulle tog deur die woestyn lui letterlik: Hy het vir hulle gegee wat hulle gevra het, maar het 'n maerte in hulle siel gegee.)

8:12 'Hulle sal strompel van see tot see, en van die noorde tot die ooste sal hulle ronddwaal op soek na die woord van die HERE, maar dit nie vind nie.'

LXX 'die waters sal geskud word van see tot see, en van noord na oos sal (mense) heen en weer hardloop op soek na die woord van die Here en hulle sal dit nie vind nie.

'van see' mijjam het LXX gelees as 'waters' majim

Die beskrywing in vers 12 brei uit op die vierde gesig wat die einde van Israel as volk aangekondig het (8:2).

'Strompel' na'wu, beskryf Israel wat 'hulp sal soek omdat hulle onstandvastig sal strompel.' Hulle soek van see tot see soos mense wat uitgeput soek na water en kos (4:8). So sal hulle dors en smag na die woorde van die HERE. Die suidgrens van Israel was die Dooie See, en aan die westekant het hulle aan die Middellandse See gegrens; noord by Lebo-Hamat en oos in Gilead verwys na hulle ander twee grense (vgl. 2 Kon 14:25). Hulle sal met ander woorde so godverlate voel dat hulle deur hulle hele land sal rondsoek na iemand wat die woord van die HERE vir hulle kan deurgee. Hulle ronddwaal van suid na wes na noord na oos is 'n sirkel wat hulle soeke in sirkels voorstel. Israel wat hulle van die HERE losgeskeur het, het by hulle begin as die tien stamme onder Jerobeam gesê 'Dawid is nie deel van ons nie' (1 Kon 12:16). Soos Saul, het Israel eiesinnig hulle

afgode gedien, en het die HERE hulle as sy volk verwerp, soos Hy Saul as koning verwerp het (1 Sam 22-23). Hulle sal soos Saul radeloos en benoud word, toe die HERE hom nie deur drome, die urim, of deur profete geantwoord het nie (1 Samuel 28:6, 15-16).

8:13 'Op daardie dag sal die mooi jong meisies flou word van dors en ook die jong manne.'

Toe die HERE sy woord aan Israel onttrek het, het dit ook die watervoorsiening van die land getref. Soos die bevolking smag na 'n woord van die HERE, word die jongmense flou van die dors. Ook die uitwendige gawes van die HERE, soos kos en water, droog op, tot so'n mate dat die hele bevolking krepeer. Die mooi en sterk jongmense val flou, hoeveel te meer die oues. Die geestelike lewe is die basis vir die natuurlike lewe. Die HERE regeer oor die hele lewe. Alle lewe kom van Hom. Deur Hom leef ons, beweeg ons en bestaan ons (Hand 17:28); in Christus is alles in die hemel en op die aarde geskep, die sigbare en die onsigbare dinge (Kol 1:16). Ons hemelse V ader sorg vir die voëls en klee die veldblomme (Matt 6:26,28-30), maar Hy laat ook strome en riviere opdroog (Jes 19:5-7).

Doodsvonnis vir die afgodediens (Amos 8 vers 14)

'Dié wat sweer by die Skuld van Samaria, sê ook 'so waar as wat jou God leef, Dan,' en 'so waar as wat jou Weg leef, Berseba' (letterlik: dêrêk, weg of lieflikheid, as beskrywing van hulle god), hulle (wat so by hulle afgode sweer) sal val en nooit weer opstaan nie.'

LXX het 'soenoffer van Samaria' in plaas van die Hebreuse Skuld van Samaria. 2020 volg LXX se 'god van Berseba' in plaas van Berseba se 'Weg.'

Vir die afgod Baäl van Bet-El verwys Amos na die 'Skuld van Samaria.' Die hoofstad Samaria se tempel het in Bet-El

gestaan. Amasia noem dit die koninklike heiligdom, die staatstempel (7:13). Daarom verwys die Skuld van Samaria waarskynlik na die goue bulkalf in Bet-El. Die bulkultus van Bet-El was die fundamentele sonde van Israel wat hulle hele lewe laat ontaard het. Israel het gedink hulle kry deur die vrugbaarheidsgebruike van die Baälgodsdiens groter lewenskrag. Baäl, voorgestel met 'n beeld van 'n bul, was vereer as die god van die lewe. Maar voor die HERE is Israel se eedswering by hulle afgode hulle skuld wat met die dood gestraf word. Daarom noem Amos vir Baäl met die skeldnaam die Skuld van Samaria waarby Israel sweer.

Die goue kalf by Dan is reeds deur Jerobeam I daar opgerig om te sorg dat die twee en 'n halwe stam oos van die Jordaan nie na Jerusalem toe gaan vir hulle feeste nie (1 Kon 12:29). Die goue kalf in Dan word genoem 'jou God!' Die 'weg' van Berseba (be'ēr put; sjêba' eedswering of sewe) kan verwys na pelgrimstogte by Jerusalem verby na Berseba toe, waar die aartsvaders Abraham en Isak vir tye gewoon het (Gen 21:30-33; 22:19; 26:23,33; 28:10) en Jakob 'n offer gebring het aan die God van sy pa Isak, voor hy na Josef in Egipte vertrek het (Gen 46:1,5). Israel sweer nou by die pelgrimstog na die plek van eedswering, of by 'n god wat daar vereer word.

Elkeen van hulle gode is lokaal gevestig. Met hulle rondgeslinger deur die land het hulle telkens by 'n ander god se terrein gekom en dan by daardie god gesweer. Bet-El is die sentrale heiligdom waarby hulle orals in die land kon sweer. Deurdat Israel sweer by die lewe van ander gode, het hulle ontrou aan die HERE geword, hulle van Hom en sy riglyne vir die lewe afgeskei. Hulle sal val en nie weer opstaan nie. Dit is die boodskap van die lyksang. Die HERE verwerp Israel finaal as sy volk.

Die vierde gesig van Amos het begin met die woord van die HERE dat Hy Israel nie meer gaan spaar nie, maar dat daar

oral lyke en rou sal wees (8:2-3). Dit word afgesluit met die HERE se woord oor die einde van Israel se volksbestaan. Hulle val sonder opstaan onderstreep die finaliteit van die oordeel van die HERE. Tussenin word verwys na rou (8:8) en treursange (8:9-10). Die HERE se oordeelwoord is baie erger as die reeks rampe wat Hy as waarskuwings gestuur het.

Jesus het Israel se ongehoorsaamheid aan die woord van die HERE, soos byvoorbeeld hulle kullery met die armes se koring (8:4-6) kom omkeer. Sy voedsel is juis om die wil te doen van sy Vader wat Hom gestuur het om God se werk te voltooi (Joh 4:34). Israel se vertrapping van die armes en die volk se dors na die woord van die HERE kom Jesus verander. Hy misbruik nie sy mag om van klippe brood vir Homself te maak nie, want die mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom (Matt 4:4). Hy maak 'n nuwe soort lewe oop van nederige diens aan ander en om sy lewe te gee as losprys vir baie (Mark 10:45). So berei Hy die weg voor vir dié wat in Hom glo, om in gehoorsaamheid aan God en sy woord die ewige koninkryk van God te beërf (Matt 25:34; Hand 16:31).

Skrywer: Prof Francois Malan

Herhaling van woorde in die Bybel, bv Voorwaar, Voorwaar – Hermie van Zyl

Philna vra:

Wat is die betekenis van die herhaling?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Verdubbeling en herhaling van woorde en begrippe kom baie in literatuur voor en het 'n retoriese effek, wat telkens kontekstueel vasgestel moet word. Byvoorbeeld (om net by die Bybel te bly), in Genesis 1:27 word die woord "geskep" drie keer herhaal om te beklemtoon dat net God die vermoë het om uit niks, iets te skep, en dat die mens geskep is om God se beeld te verteenwoordig. In Jesaja 36:4-9 word die woord "vertrou(e)" telkens herhaal om aan Hiskia die boodskap tuis te bring dat hy slegs op die Here moet vertrou. En, om nie meer voorbeelde te noem nie, in Lukas 10:41 spreek Jesus vir Marta aan as "Marta, Marta", waardeur Hy kennelik Marta se aandag daarop wou vestig dat sy nie so bedrywig moet wees met die goeie dat sy die beste nalaat nie, naamlik om Jesus se dissipel te wees.

In die onderstaande uiteensetting fokus ek egter net op die voorbeeld wat ons vraagsteller noem, naamlik die herhaling van "voorwaar".

Die Griekse woord wat "voorwaar" onderlê, is "amen". Op sy beurt is dit 'n oornam van die Hebreeuse woord "amen" vanuit die Ou Testament, wat "sekerlik" of "dit is so" beteken. In die Afrikaanse Bybels word "amen" op verskillende maniere vertaal. In die 1933/53 Vertaling is dit "*voorwaar*", in die 1983-Vertaling is dit "*Dit verseker ek julle*", in die Nuwe Lewende Vertaling (2011) is dit "*Ek verseker julle*", in Die Boodskap is dit "*Julle moet nou mooi luister*", en in die Afrikaanse Standaardvertaling (2014) asook die onlangse Direkte Vertaling (2020) word dit onvertaald gelaat: "Amen". Laasgenoemde Vertaling het 'n verduidelikende voetnoot by wat lui: " 'n baie sterk bevestiging van sekerheid". ('n Enkele keer in die Afrikaanse Standaardvertaling word "amen" met "*Waarlik, Ek sê vir julle*" vertaal.)

“Amen” word in verskillende kontekste in die Bybel aangewend: om instemming te betuig (Num 5:22), om ’n seënwen of lofuitspraak te bevestig (Ps 41:14), om ’n gebed mee af te sluit (1 Kor 14:16), en om die beloftes van God te bevestig of toe te eien (2 Kor 1:20). In die Evangelies kom dit baie voor in uitsprake van Jesus om te bevestig of te verseker dat iets vasstaan (bv Matt 5:18). Dit word so baie deur Jesus gebruik dat geleerdes dit as tiperend van die aardse Jesus se optrede aanmerk.

Die interessante verskynsel is verder dat in die eerste drie Evangelies waar “amen” voorkom in Jesus se uitsprake, dit met slegs één “amen” ingelui word, maar in die Johannesevangelie word dit konsekwent met ’n dubbele “amen” gedoen, byvoorbeeld Johannes 1:51 (en nog in vier en twintig ander gevalle in Johannes). Nie al die Vertalings bring egter die onderskeid tussen die enkel en dubbele amen na vore nie. In die 1983-Vertaling word beide die enkel en dubbele “amen” met “Dit verseker ek julle” vertaal, en in die Nuwe Lewende Vertaling met “Ek verseker julle”, maar in die 1933/53-Vertaling respektiewelik met ’n enkel en dubbele “voorwaar”, en in die Afrikaanse Standaardvertaling asook die 2020-Vertaling met ’n enkel en dubbele “amen”. Dit het daarmee te doen dat die 1933/53-Vertaling, die Afrikaanse Standaardvertaling en die 2020-Vertaling *letterlike* vertalings is, terwyl die 1983- en Nuwe Lewende Vertaling meer *dinamies-ekwivalent* is wat nie daarop uit is om elke woord afsonderlik te vertaal nie.

Die vraag is waarom die Johannesevangelie die “amen” telkens verdubbel, maar die eerste drie Evangelies nie. Daar is kennelik nie ’n diep betekenisverskil hierin tussen die Evangelies nie. Almal wil so die gewigtigheid van Jesus se woorde beklemtoon, dat dit belangrik en seker is, en vasstaan. ’n Mens kan jou daarop verlaat. Maar die feit dat Johannes konsekwent die dubbele “amen” gebruik, dui tog daarop hy dit as ’n besondere aandagtrekker of merker benut. Die vraag is net, merker van wat?

Eerstens kan mens sê dat hierdie dubbele amen altyd as 'n merker in verband staan met wat volg, maar ook met wat voorafgaan. Dit bind die voorafgaande met die belangrike woorde wat volg. Byvoorbeeld, in Johannes 6:26 roep die dubbele amen-uitspraak die voorafgaande gebeure in herinnering waar Jesus die brood vermeerder het. Maar wat dan volg, is waar Jesus verduidelik dat Hy Self die brood van die lewe is. Die dubbele amen is dus 'n retoriese merker wat lei tot 'n dieper teologiese insig omtrent Jesus as wat bloot uit die broodwonder afgelei kan word.

En dit lei na die tweede punt, naamlik dat hierdie dubbele amen altyd die aandag wil vestig op die persoon van Jesus as die Een wat die Vader openbaar. Die Johannesevangelie lê baie klem op Jesus as één met die Vader, van die begin af, en dat wat Jesus sê en doen, volledig in ooreenstemming is met die Vader en sy wil (vgl Joh 8:26-29; 14:1-14). Jesus is die Woord van God (Joh 1:1); Hy is die Amen (Op 3:14; vgl 2 Kor 1:19-20). Jesus verseker ons dus met die dubbele amen dat God volledig saamstem met wat Hy (Jesus) sê en dit ook waarborg. Verskeie geleerdes het daarop gewys dat die dubbele amen-uitsprake in Johannes eintlik 'n Christologie in 'n neutredop vorm. Daarmee word bedoel dat as mens hierdie uitsprake wat met 'n dubbele amen ingelui word se inhoud bestudeer en sistematiseer, dan kan mens 'n hele leerstellige argument opbou oor wie en wat Jesus is, veral in verhouding tot die Vader.

Om saam te vat, hoewel bloot die woord "amen" nie in *betekenis* verskil tussen die Evangelies nie, wil dit tog lyk of die *funksie* daarvan in die Johannesevangelie ietwat verskil van die eerste drie Evangelies. By Johannes is die dubbele gebruik daarvan 'n merker wat die leser se aandag wil vestig op die identiteit van Jesus as één met die Vader, dat Hy die gesaghebbende openbaarder of bekendmaker van die Vader en sy wil is.

Skrywer: Prof Hermie van Zyl

Amos (17) – Francois Malan

Amos 8:7-8

8:7 Die HERE het by die trots van Jakob gesweer, 'Voorwaar, Ek sal al hulle dade tot in ewigheid nie vergeet nie.'

Dit is die derde keer dat die HERE 'n eed aflê: in 4:2 by sy heiligheid, dit is by sy heilige wese; in 6:8 by sy siel/lewe, by Homself, die Ek is van Exodus 3:14. Hy het gesweer dat Hy die trots, die hoogmoed van die afstammeling van Jakob verafsku, hulle paleishuise haat, en hulle daarom in ballingskap stuur; hier in 8:7 sweer Hy by die voortreflikheid van Jakob, egter nie by hulle bose dade nie, maar dat Hy hulle misdade, wat in verse 4-6 beskryf word en ingelei is met 'luister hierna,' in ewigheid nie sal vergeet nie. Die HERE sweer hier by die uitsonderlike posisie van Israel as die HERE se uitverkorene onder die volke (Amos 3:2). Dat hulle die HERE se volk is, is sy trots, wat hulle gekrenk het met hulle bose dade. Hulle lewenswyse het 'n totale ontkenning van hulle besondere posisie geword. Daarom gaan Hy hulle in ballingskap verstrooi onder die volke. Die trots van die HERE sal vervul word deur Jesus aan die kruis, uit die nageslag van Abraham (Matt 1:1). Met Abraham het die HERE sy verbond gesluit, in wie al die volke van die aarde geseën sal wees (Gen 12:2-3). Jesus kom neem die sonde van die wêreld op Hom (Joh 1:29); die Heilige Gees oortuig mense uit alle volke oor Jesus en verander hulle om soos Jesus te word (2 Kor 3:17-18). Die HERE se uitverkiesing van Israel sal dan vervul word deur sy Seun en almal wat aan sy Seun verbind word in geloof (Ef 1:4).

Die korrupte trots van Jakob, hulle korrupte dade, sal die

HERE egter in ewigheid nie vergeet nie. Dit bly 'n permanente bedreiging van die ware trots van die HERE. Daarom moes Israel verdwyn, opgaan in die heidendom waarin hulle inwendig lankal gelyk geword het. Later sal hulle saam met die heidene geroep word.

Die tweede uitspraak – die aardbewing (Amos 8:8)

8:8 'Sal die aarde nie hieroor skud en elkeen wat daarop bly, nie treur nie? Dit sal in sy geheel styg soos die Nyl, dit sal ontstuimig wees en terugsak soos die rivier van Egipte.

LXX 'En sal die aarde nie opgeroer word oor dié dinge nie en elkeen wat daarin woon treur nie?

En vernietiging opstyg soos 'n rivier en sak soos die rivier van Egipte nie?

Die tweede uitspraak van die HERE is 'n retoriese vraag waarop nie 'n antwoord verwag word nie. Die straf van die HERE 'hieroor' verwys na die oortredings wat in verse 4-6 uitgespel is, wat die HERE nooit sal vergeet nie (vers 7). Die HERE se straf word vergelyk met 'n geweldige aardbewing (vgl. 1:1). Die hele aarde gaan styg, skud, en terugsak. Die Nyl styg in die reënmaande tot oor sy walle, met water wat alles meesleur, en sak dan weer . So gaan die aarde oplig, skud en terugsak binne enkele minute. So word hele gebiede platgevee. Die inwoners sal treur oor al hulle paleishuise en besittings wat met kullery en verdrukking van die armes verkry is, en deur die aardbewing verwoes is (3:15; 6:11). Elkeen wat sy rug op die HERE draai en die reg in die samelewing verdraai, trek die aarde en sy inwoners die verderf in.

Twee jaar ná Amos se optrede was daar 'n aardbewing (Amos 1:1). Met Jesus se sterwe en opstanding was daar aardbewings (Matt 27:54; 28:2). Die aardbewing in Filippi het die tronkbewaarder tot geloof gelei (Hand 16:26). In die eindtyd skeur die magtigste aardbewing die bouse stad Babilon

(‘Rome’ as verteenwoordiger van die bese stede van die wêreld, Openb 16:18). Aardbewings is nog nie die einde nie, maar die begin van die nuwe tyd (Matt 24:7-8).

Die derde uitspraak – ’n dag van duisternis en rou (Amos 8:9-10)

8:9 ‘Op daardie dag – is die Godspraak van my Heer, die HERE – ‘sal Ek die son laat ondergaan (letterlik ‘inbring) op die middaguur, en helder oordag sal Ek dit donker maak op die aarde.

8:10 En Ek sal julle feeste verander in ’n tyd van rou (2020: ’n rouplegtigheid) en al julle liedere in klaagliedere (2020: treursange), en om alle heupe ’n sak (2020: ’n roukleed) hang en op elke kop ’n kaal plek maak.

Ek sal dit soos ’n rouplegtigheid vir ’n enigste kind maak en die einde daarvan soos ’n bittere dag.

Na die aardbewing in vers 8 volg die duisternis in vers 9. Die aarde sal geen vastigheid bied nie, en die hemel geen lig nie. In 8:3 word dit ook genoem ‘daardie dag;’ in 5:18 ‘die Dag van die HERE met duisternis en geen lig nie.’ Die HERE se oordeel word hier met twee beelde beskryf: duisternis (vers 9) en rou (vers 10). Die klem lê egter op die HERE wat dit bewerk – ‘Ek’ word vier keer gebruik en word ingelei met ‘is die Godspraak van my Heer, die HERE’.

Op die dag van Israel se einde, waaroor die tempelsangers (8:3) en die mense van die aarde (8:8) almal sal treur, sal die hemel saam treur (soos Jesaja 50:3 later ook sê). Die son word ‘ingebring,’ soos die Skepper volgens 5:8 die dag sal verduister tot nag; 5:18,20: die dag van die HERE bring donker, nie lig nie. Die son sak skielik in die middel van die dag. Vir dié wat nie tot bekering kom nie, sal die son van voorspoed op die middaguur ondergaan.

Die profesie is waarskynlik gelewer tydens die nuwemaan se

herfsfees wat Jerobeam I ingestel het (1 Kon 12:32). Die HERE vervang die mooi klere van die feesgangers met sak om almal se heupe, en skeer almal se koppe kaal; albei tekens van rou, en Hy vervang skielik op die middaguur hulle feesliedere met treursange, soos in 5:1 voorspel. Die HERE dompel die hele volk in rou soos gerou word oor 'n enigste kind, wat die laaste hoop op 'n nageslag en 'n toekoms vir Israel is. Die rouplegtigheid se einde is 'n bitter dag waarop die rouklaers as ballinge uit hulle land aangejaag word (4:2-3; 5:5). In Egipte was die negende plaag drie dae pikdonker (Eks 10:21-22) voor die dood van die eersgeborenes (Eks 12:29-30) voordat Israel uit Egipte verlos is. Nou gaan dieselfde rampe vir Israel tref.

Die duisternis en rou is beelde van die verwoesting wat die HERE binne dertig jaar na Amos se profesie gaan aanrig deur die Assiriese leërs in Israel van 732-722 v.C. Hulle het die land stelselmatig ingeneem, baie mense doodgemaak en die res in ballingskap weggevoer (2 Kon 17:6).

Die finale einde is egter die groot Dag van die HERE se oordeel met Jesus se wederkoms. Dan word die aarde geskud, die son word swart (Openb 6:12-17; vgl. 2 Petr 3:10-13) en gelowiges en ongelowiges word van mekaar geskei (Matt 13:30; 25:32,45). Jesus het uitgeroep: 'Wie My verwerp en nie my woorde aanneem nie, het iets wat hom veroordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom op die laaste dag veroordeel' (Joh 12:48).

Skrywer: Prof Francois Malan